



Maandag, 13 Oktober
– Hoop begin by God

Voorlesing: Jeremia 29:11 – “Ja, Ek ken die planne wat Ek vir julle het, sê die HERE... om aan julle ‘n toekoms en hoop te gee.”

Oorpeinsing: God is die bron van alle hoop. Elke sendingtaak begin deur daarop te vertrou dat God se liefde ons vooruit sal lei.

Gebed: Here, help ons om u liefdevolle planne te vertrou. Laat ons hoop aan ander bring, met die wete dat U ons altyd vergesel. Amen.



Dinsdag, 14 Oktober
– Geroepe om Lig te wees

Voorlesing: Matteus 5:14 – “Julle is die lig vir die wêreld.”

Oorpeinsing: Deur ons doop deel ons in Christus se sendingtaak, en word ons geroep om lig in duisternis te wees — deur ons vriendelikheid, waarheid en liefde. Almal van ons word geroep om lig uit te straal en te skyn.

Gebed: Jesus, help ons om ‘n lig vir die wêreld te wees. Laat ons woorde en daad u liefde vir alle mense weerkaats. Amen.



Woensdag, 15 Oktober
– ‘n Boodskap vir Almal

Voorlesing: Markus 16:15 – “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.”

Oorpeinsing: Die Blye Boodskap is vir elkeen. Om die Evangelie met ander te deel beteken om aan mense in elke nasie en situasie hoop te bring.

Gebed: God, gee ons vandag die moed om u Boodskap met ander te deel. Laat ons woorde vervul wees met liefde en ons lewens met vreugde, sodat ander U mag leer ken. Amen



Donderdag, 16 Oktober
– Hoop in Aksie

Voorlesing: 1 Johannes 3:18 – “Ons moenie net met woorde liefhê nie, maar met die daad, in waarheid.”

Oorpeinsing: Om ‘n sendeling van hoop te wees beteken om iets te doen – die hongeres te voed, die eensames te vertroos, en vrede te bewerkstellig.

Gebed: Here, help ons om u liefde daadwerklik bekend te maak. Gebruik ons hande en harte om hoop te gee aan hulle wat dit die nodigste het. Amen.



Vrydag, 18 Oktober
– Een Familie in Christus

Voorlesing: Galasiërs 3:28 – “...want julle almal is één in Christus Jesus!”

Oorpeinsing: In ons sendingtaak, sien ons dat die Kerk ‘n wêreldwye familie is. Ons verskil van mekaar en tog is ons één in geloof en liefde.

Gebed: Jesus, help ons om alle mense as ons broers en susters lief te hê. Laat ons in u Naam vir geregtigheid, vrede en eenheid werk. Amen.



Saterdag, 18 Oktober
– Hoop is Aansteeklik

Voorlesing: Romeine 15:13 – “Mag die God van hoop julle met alle blydschap en vrede vervul...”

Oorpeinsing: Wanneer ons met hoop leef, versprei dit na ander. Ons vrede en vreugde kan ander daartoe lei om op God te vertrou.

Gebed: Heilige Gees, vervul ons met ‘n hoop wat oorstroomend is. Laat ons lewens vir almal rondom ons ‘n seën wees. Amen.



Oktober – Wêreld
Sending Sondag

Voorlesing: Lukas 18:1–8 – Verkort

Jesus vertel ‘n verhaal om ons die waarde van volharding te wys. ‘n Weduwee het by ‘n regter aanhou aandring op regverdigheid. Eers het hy geweier, maar later het hy haar gehelp omdat sy nie ophou vra het nie.

Jesus het gesê, “Luister na wat die onregverdige regter sê! Sal God dan nie reg laat geskied aan sy uitverkorenes wat bedags en snags na Hom roep nie?”

Oorpeinsing: Vandag word ons daaraan herinner dat ons almal in Christus se sendingtaak deel. Deur ons gebede, ons getuienis en ons materiële steun help ons om God se Koninkryk hier en nou op te bou.

Gebed: God van alle nasies, versterk ons om getuies van u liefde in die wêreld te wees. Help ons om vrygewig en met liefde te leef, sodat ander daardeur u liefde kan leer ken. Amen.



Sendinggebed

God van alle volke, U roep ons om sendelinge van hoop onder alle mense te wees.

Vul ons harte met die vreugde van die Evangelie, en versterk ons soos ons daarna strewe om u liefde te deel met almal wat ons ontmoet.

Laat ons met deernis luister, met moed uitpraat, en in nederigheid diensbaar wees, om so in word en daad van Christus te getuig. Seën ons pogings om lig te bring na donker plekke en vrede waar daar konflik heers.

Verenig ons in u taak, o Here, sodat almal u ontferming mag ken en elke hart deur u hoop aangeraak word.

Steun die Sendingwerk

As Sendeling Dissipels kan ons Christus se sendingtaak ondersteun deur elke dag ons doopverbintenis getrou uit te leef, vir almal in die sendingveld te bid, deur ons parogie te help om *Sendingbewus* te word, en deur 'n geldelike bydra vir sendingwerk te maak

Bank Besonderhede

Pontifical Mission Societies Absa Bank
Account Number 4048 6053 13 Ref: Diocese + Cell number.
or by scanning the QR Code below



Wêreld Sendingweek

Daaglikse Oorpeinsings & Gebede

Okt 13–19, 2025



Wêreld Sending Sondag gee Katolieke wêreldwyd die kans om hulleself weereens deur gebed en opoffering te verbind tot die Kerk se sendingtaak.

